Hoogtepunte

Nat El Niño word verduidelik

Situspakket beskikbaar by Statusfin

Obaro maak skoonskip by kompetisie

Ben sê:

"Geniet die kleurvolle winter"

As jy teen die tyd nog nie 'n windjakker nadergehark het of ten minste die stof van 'n warmwaterbottel afgeskud het nie, was jy of met vakansie in die Bahamas of jy't 'n kraffie Sedgwick's in jou spens met die kapasiteit van die weduwee se kruik. Winter is mos maar 'n vaal affêre in die Republiek en kan 'n ou se gemoed heel somber laat.

Hierdie jaar het ons egter 'n heel kleurvolle winter. Oral is dorpies, paaie, stede, karre, busse en mense soos krismisbome opgemaak. Plastiektrompetters blaas oral (ek dink gehoorspesialiste maak heelwaarskynlik die meeste geld tydens die skouspel) en die wêreld se beste sokkerspelers (lees akteurs) tree op in ons stadions.

Die sokkerbabelaas wag sekerlik nog op ons, maar vir tyd en wyl dink ek moet ons die kleur en atmosfeer van die 2010 winter omarm. Dit bring immers darem 'n paar voordele vir ons ook daarmee saam, 'n hele paar warm Don Juans en Doña Anas help bietjie teen die koue en as jy langs 'n plastiek Vuvu opeindig is of jou oor, of jou gemoed ten minste warm.

All-gro Saad en Prodsure beïndruk Hongare

'n Groep landbou sleutelpersone van Hongarye het 18 Junie 2010 All-gro Saad se verwerkingsfabriek asook Prodsure se volvetaanleg besoek. Beide die aanlegte het hul geweldig beïndruk alhoewel die vervaarding van volvet-sojameel vir hulle heeltemal onbekend was.

Dié groep Hongare is top kliënte van Chemtura, 'n maatskappy wat spesialiseer in die vervaardiging van saadbehandeling van graan. Die besoek aan All-gro Saad en Prodsure het deel uitgemaak van 'n skakelaksie wat Chemtura vir hul Hongaarse kliënte aangebied het. Die groep het ook die sokkergees gevoel en Sun City besoek tydens hul verblyf in Suid-Afrika, volgens Paul Roux, areabestuurder van Chemtura.

Ben Lombard, Besturende Direkteur van die MGK Groep, het die groep ook ingelig van algemene landbouprakyke in Suid-Afrika, alhoewel hulle nie 'n woord Engels kan verstaan nie. Zoltan Papp, verteenwoordiger van Chemtura in Hongarye was dus genoop om elke woord te vertaal.

Hongarye is in sentraal Europa geleë en word begrens deur Oostenryk, Slowakye, Oekraïne, Roemenië, Serwië, Kroasië en Slowenië. Die hoofstad, Boedapest is bekend vir die monumente wat in dié stad gehuisves word, wat Hongarye se 1000-jaar oue kultuur weerspieël. Oorskot van die Romeinse besetting asook die Turkse regering wat later aan bewind gekom het, is ook steeds in dié stad teenwoordig.

Nuttige skakel

www.dwaf.gov.za
www.namc.co.za
www.infogro.com

In lyn met die boer

© MGK Bedryfsmaatskappy Edms. Bpk. 2010

Damstand

Julie 2010 (%)

Dam	Junie	
Allemanskraal	78.5	↓
Bloemhof	97.3	↓
Blyderivierpoort	100.3	↓
Bon Accord	103.6	↓
Bronkhorstspruit	100.9	↓
Buffelspoort	100.7	↓
Dap Naudé	100.6	↑
Elandskuil	105.4	↑
Erfenis	84.6	↓
Flag Boshielo	102.1	↓
Hartbeespoort	99.3	↑
Klein Maricopoort	50.6	↓
Klipvoor	101.1	↓
Koppies	96.5	↓
Lindleyspoort	100	↓
Loskop	100.7	↓
Middelburg	96.7	↑
Mokolo	101.1	↓
Ohrigstad	69.9	↓
Olifantsnek	99.4	↓
Rietspruit	100.7	-
Rietvlei	100.6	↑
Roodekopjes	101.5	↓
Roodeplaat	100.3	↓
Rust De Winter	101.1	↓
Swartruggens	103.1	↑
Vaal	97.6	↓
Vaalharts	88.9	↑
Vaalkop	100.6	↓
Warmbad	100	↓
Witbank	101.3	↓

Temo's sucsessful Farmers day

Temo Agri Services recently hosted a Farmers' day in Jericho to discuss a sunflower trial planted in the area.

Issues like: planning, finance and budgeting, cultivar choice and new developments were on the agenda. Mr. Dan Kekane from Mafisa , Mr. Anton Nebe from Tiger Brands and Mr. Frans Potgieter from the Oilseed Council also paid a visit to the trial crops.

The trials were visited so farmers could see the difference between planting normal rows and rows that are planted wider for tractor application. It is more cost and time efficient to maintain weeds between the wider rows mechanically with tractors. Crops from fields with wider rows can also be expected to be healthier and to give a better yield when harvested.

Farmers continuously learn from the experience of Temo mentors and they apply this knowledge in their own operations. Temo's vision is to empower their farmers to be self sufficient commercial farmers, with sustainable businesses contributing to national food security.

Visit Temo Agri Services website at www.temoagri.co.za.

Kenner verduidelik afgelope nat El Ni ño

Eintlik het landbourolspelers hul voorberei vir droogte, maar toe gaan die hemel oop. Volgens Johan van den Berg, landbou-weerkundige van Santam Landbou, is die afgelope seisoen se nat toestande in teenstryd met die tradisionele droër toestande wat met El Niño-verskynsels geassosieer word.

Geskiedenis toon dat 70% van alle El Niño-seisoene ondergemiddelde reënval ontvang maar daar is egter ook voorbeelde van 'nat' El Niño-jare soos tydens die 2004/2005 seisoen.

Die afgelope nat El Niño-toestande kan toegeskryf word aan verskeie redes. Die tyd wanneer die warmste gedeelte van die seisoen aangebreek het, was reeds in Desember 2009 vroeër as verwag. Siklone is ook hoofsaaklik verantwoordelik vir droogte eerder as die El Niño verskynsel en uitermatig min siklone het voorgekom. Verder kon die sonvleksiklus ook 'n rol speel. Dit was op 'n minimum en dit versteur dikwels die weerpatrone in hierdie fase.

Aangesien El Niño-seisoene 70% droogte oplewer is dit beter om konserwatief te beplan en eerder droogte te verwag vir El Niño-jare as hoë reënval. Voorts sê Van den Berg dat 70% van alle wins in boerdery gemaak word in ongeveer 30% van die jare. Dit gebeur dikwels dat droër jare meer winsgewendheid in boerdery na vore bring.

Someroes Inligtingsdae 2010

3 Augustus
Lephalale
Kontak Obaro Lephalale
014 763 2119

4 Augustus
Marble Hall/Groblersdal
Kontak Obaro Groblersdal
013 262 2036

11 Augustus
Skuinsdrift
Kontak Obaro Skuinsdrift
014 504 0050

12 Augustus
Potgietersrus
Kontak Obaro Potgietersrus
053 474 0100

18 Augustus 2010
Thabazimbi
Kontak Obaro Thabazimbi
014 777 1557

24 Augustus
Dwaalboom
Kontak Obaro Dwaalboom
014 778 0611

25 Augustus
Koedoeskop
Kontak Obaro Koedoeskop
012 381 2930

1 September
Hartswater
Kontak Obaro Hartswater
053 474 0100

2 September
Bull Hill
Kontak Obaro Hartswater
053 474 0100

7 September
Ohrigstad
Kontak Obaro Lydenburg
013 235 4911

22 September
Magaliesburg
Kontak Obaro Magaliesburg
014 577 1340

12 Oktober
Wonderboom
Kontak Obaro Wonderboom
012 381 2935

Sitruspakket beskikbaar by Statusfin

Suid-Afrikaanse sitrusprodusente, meer spesifiek uitvoerders, het 'n deurbraak gemaak met logistieke en verskepingsooreenkomste. Dit stel hulle nou in staat om verkope in die westelike state van die VSA en langs die Stille Oseaan se noordweskus, aansienlik uit te brei. Statusfin Finansiering het sy pakkette uitgebrei en bied nou sitrusfinansieringspakkette aan vir alle sitrusboere.

Statusfin finansier insette vir sitrusbome ouer as drie jaar en die finansieringsbedrag word bereken in terme van die kliënt se uitpak geskiedenis. Die pakket sluit ook oesversekering in, wat beskerming teen hael bied en Statusfin Makelaars kan u help om u oes te verseker.

Daar is ook rentevrye kommoditeite beskikbaar waarvan die kliënt gebruik kan maak, onder meer vir die aankoop van plaagdoders en kunsmis, mits hy sy aankope deur Obaro doen.

Vir meer besonderhede oor dié Sitruspakkette, kontak u naaste Obaro winkel, die finansieringsbemarker in u gebied of Statusfin Finansiering by 012 381 2853/2876.

Gesogte byproduk vir veevoermengsels

Bo-en-behalwe die graanbemarking en silo-aanlegte wat Prodsure bedryf, staan Prodsure ook bekend vir die gehalte volvet-sojameel wat hul vervaardig. Die volvetverwerkingsaanleg is toegerus met moderne tegnologie en is in Brits geleë. Die fabriek is 24 uur, 7 dae 'n week in bedryf waarvandaan die volvet-sojameel landwyd versprei word.

Volvet sojameel is 'n baie gesogde proteïenbron en 'n integrale nutriënt in veral monogastriese ranstoene. Prodsure verskaf dus hierdie volvet-sojameel aan produksiehuise wat veevoer vervaardig maar die meel is ook beskikbaar in 50kg sakke vir individuele boere. Prodsure kan ook die sojabone namens boere teen 'n bekostigbare tarief verwerk, wat aangewend word vir volvet-sojameel vir plaasmeng rantsoene.

Die sojabone moet ekstrusie ondergaan om groei-inhiberende faktore (*Haemalutinus, Sopanios en antivitamien A*) in die produk af te breek, wat die produk meer verteerbaar maak vir enkelmaagdiere. Volvetvervaardiging is dus 'n fyn kuns maar die volvetaanleg word reeds 20 jaar deur MGK bestuur en die instansie is deeglik vertroud met die unieke produk se vervaardigingsprosesse.

Vir meer inligting kontak die bestuurder van die volvetaanleg, Phillip Lee by 012 252 3778.

Gespreksforum

Gesels saam:
Stuur enige standpunte, menings of voorstelle na:
rekjoubek@mgk.co.za

Relevante en nuttige advies of kommentaar sal deurgaans in die komende e-nuusbriewe verskyn.

Redaksie

Uitgegee en saamgestel deur die MGK Groep Kommunikasie-afdeling.

Vir meer besonderhede kontak:

Nic Bronkhorst
Bestuurder: MGK Groep Bemarkingskommunikasie

Tel: +27 (0) 12 381 2805
nicb@mgk.co.za
www.mgk.co.za

Die MGK Nuusbrief is 'n inligtingsblad wat maandeliks deur MGK Groep saamgestel en uitgegee word. MGK aanvaar geen verantwoordelikheid vir aansprake wat in enige advertensies gemaak word nie en vereenselwig hom nie noodwendig met die menings en aanbevelings van derdes wat in artikels in die MGK Nuusbrief verskyn nie. MGK Groep sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat gely kan word na aanleiding van enige inligting wat in die MGK Nuusbrief gepubliseer word nie. Die redakteur behou die reg voor om, waar nodig, artikels te redigeer en stylaanpassings te maak.

Obaro kliënte maak skoonskip by kompetisie

Mnr. Abram Motlhabane van Bafilwe Trading (middel) saam met mnr. Patrick Sekwatlakwatla van Obaro en mnr. Tommie de Jager, takbestuurder van Obaro Rustenburg.

By die pas afgelope SAMIC Karkaskompetisie by die Rustenburg Skou het Obaro kliënte, veral die opkomende boere skoonskip gemaak.

Mnr. Abram Motlhabane van Bafilwe Trading, het met sy beeste deelgeneem in die kommersiële kategorie. Motlhabane het eerste plek behaal in die Groepkarkasafdeling met 'n punt van 95.47 en het tweede gekom in die Enkelkarkas afdeling met 'n punt van 98.30.

In die opkomende boere kategorie het nog twee Obaro Voerkraaleienaars as wenners uit die stryd getree.

Die Groepkarkas afdeling is gewen deur Mnr. Phuleng Nthoke en sy beeste het ook met die louere weggestap in die Enkelkarkas afdeling, met 'n wenpunt van 92.90. Kort op Nthoke se hakke was Mnr. Lukas Morake, hy het tweede plek in beide die Groepkarkas en Enkelkarkas afdeling ingepalm.

Die gehalte van die karkasse in die opkomende kategorie was ook puik en het die beoordelaars baie beïndruk. Mnr. Johnny Young, Bemarkingsbestuurder by Obaro, wat saam met mnr. Patrick Sekwatlakwatla die voerkrale bestuur, is trots op die boere se prestasies.

"Dit is 'n welkome beloning vir die boere wat baie hard werk aan hulle voerkrale, getrou Patrick se advies volg en entoesiastiese boere is wat graag wil ontwikkel en hulself vestig in die kommersiële vleisprodusentemark."

"Obaro is baie trots op die voerkraalprojek se sukses en dié boere se prestasies. Ons glo die voerkrale sal van krag tot krag groei met boere van dié kaliber" sê Young.

Vir meer inligting skakel gerus vir mnr. Patrick Sekwatlakwatla by 079 493 5329.

MGK groet Ben Kekana

Na 42 jaar by die maatskappy het mnr. Ben Kekana, wat werksaam was by Obaro Brits, aan die begin van Junie op 62-jarige ouderdom weens gesondheidsredes afgetree.

Kekana het in 1967 by die werkswinkel in Brits begin werk toe daar slegs vier Obaro (MGK) winkels was en het nooit groener weivelde gaan soek nie, want hy was lief vir sy werk en vir die mense.

"MGK was goed vir my en ek gaan die mense mis maar dis nou tyd om te rus," sê Kekana wat nou meer tyd by sy ses kinders en agt kleinkinders gaan spandeer.

MGK gaan Kekana ook mis en wens hom alle sterkte toe vir sy pad vorentoe.